

# 'Oorloë oor waterverbruik kan kom'

"As jy nie jou water kan bestuur nie, gaan jy dit nie maak nie. Die dae wat jy net kon aankarring, is verby."

Dit was die boodskap wat dr. Philip Botha van die Instituut vir Plantproduksie op die Outeniqua-navorsingsplaas buite George verlede week oorgedra het aan die 22ste jaarlikse kongres van die SA Nasionale Saandorganisasie (Sanson) wat in die Arabella-hotel, naby Kleinmond, gehou is.

Hy het gesê in die Suid-Kaap moet die bestuursvermoë van boere verhoog word.

"Jy moet 'n kenner wees wat 15 tot 18 ton droë materiaal per hektaar kan produseer.

"Jy kan nie meer grond verander om te pas by 'n kultivar nie. Jy moet die kultivar na die grond bring en toesien dat dit pas by die grond en die klimaat. Dit moet dus 'n kultivar wees wat onder daardie omstandighede kan groei en verbou word."

## DUURDER

Hy het gesê hy wens soms heimlik dat water en stikstof duurder word, want dan sal boere dit beter benut.

"Om die negatiewe invloed van klimaatsverandering te verminder, sal ons ook moet verander, en nuwe uitdagings moet waargeneem en bestuur word."

Altesame 76% van die area onder aangeplante mielies, is onder geneties gemodifiseerde (GM) mielies. In 2010 was dit die meeste hektaar nog onder koring – baie daarvan boonop van terughoussaad, het hy gesê.

Mnr. Johan van den Berg, weerkundige van Santam Landbou, het gesê 'n onderskeid moet getref word tussen klimaatsverandering en klimaatsverskille. Mense se geheue is maar kort.

Bale verskynsels word deesdae summier aan klimaatsverandering toegeskryf, of as bewys daarvan gegee, hoewel dit al voorheen waargeneem is.

Volgens hom behoort die



Sprekers wat verlede week op die 22ste jaarlikse kongres van Sanson opgetree het, en hier aan die groepbespreking deelneem, is (van links) me. Carin Bosman, dr. Philip Botha, mnr. Chris Barnard en mnr. Johan van den Berg.

huldige La Niña-verskynsel oor 'n maand of twee weer na aan normaal te wees. 'n Sterk La Niña beteken gewoonlik dat daar in die volgende seisoen 'n verandering gaan wees. Die El Niño- en La Niña-verskynsels kan gebruik word om afwykings van 'n normale jaar te voorspel. As boere van El Niño hoor, dink hulle dit gaan droog wees. Dit is nie altyd so nie. Die La Niña-effek behoort nog tot in 2012 te duur.

Hoewel die beste tyd om te plant en die tye waarin haelskade veral voorkom, verander het, kan dit bloot klimaatsverskille wees wat dit veroorsaak, en nie noodwendig klimaatsverandering nie.

Op 'n vraag of aardverhitting nie dalk 'n mite is nie, en dat dit maar net klimaatsverskille is nie, het Van den Berg gesê die probleem is nie net een van aardverhitting nie, maar ook van die agteruitgang van die stelsels.

"Ons kan dit nie wegredeneer en sê daar is nie aardverhitting nie. Dit is nie altyd al te duidelik of dit klimaatsverandering is nie."

Mnr. David Malan van Klein-



By die kongres was (agter, van links) mnre. Brian Lever, voorsitter van Sanson se afdeling voergewasse, en Gerrie Reltsma, hoofbestuurder van Sanson. Voor is mnre. Gert Steyn (links), voorsitter van Sanson se afdeling akkerbou, en David Malan, voorsitter van Sanson se direksie.

Karoo Saad, die voorsitter van Sanson, het gesê die insetkoste van boere gaan toeneem, en dit gaan 'n invloed op die bedryf hê. Hy het gesê voedselpryse wêreldwyd neem toe en daar is kommer daaroor, want oorloë word oor voedselpryse gevoer. Oorloë oor waterverbruik en die gehalte van water kan ook kom.

Malan het daarop gewys dat die wêreldbevolking van byna 7 miljard in 2011 tot 9,5 miljard in 2050 kan toeneem.

Hy vra of die wêreld daarmee kan klaarkom. Van 1964 tot 1990 het voedselproduksie verdubbel, hoofsaaklik weens beter kultivars, en beter bestuur van water en grond met die "groen revolusie".